Oordenking
4 Augustus 2010

Lees die Bybel om dit persoonlik op jouself toe te pas.

Ons het verlede week met ’n nuwe reeks begin oor hoe om die Bybelteks op jouself toe te pas. Verlede week het ons tot die gevolgtrekking gekom dat:
Die Bybel vir ander mense geskryf is, maar nogtans met jou praat.
En, die Bybel handel oor God, maar betrek jou ook. Jou uitdaging is om elke dag die Skrif vars en nuut in jou lewe toe te pas, want God wil deur die Woord te lees en te oordink, jou lewe herskryf.

Kom ons kyk nou op ’n baie praktiese manier hierna. Waar begin ek met die toepassing van wat ek lees op myself, op vandag en op my omstandighede? Mens moet die Bybel lees met die doel om dit op jou eie lewe toe te pas. Vra jou af hoe hierdie woorde relevant is vir jou omstandighede. Vra baie persoonlike vrae aan die teks wat jy lees. As jy dit doen, sal jy die volgende dinge leer oor ***hoe*** om dit te doen:

Eerstens sal jy ontdek **dat jy gewillig moet wees om te luister**. Onthou, God is aan die woord en Hy praat met jou. Weet in jou hart dat die belofte, openbaring of gebod in dié teks nou vir jou bedoel is, die waarheid is en dat jy dus geen keuse het as om te luister nie.

Tweedens sal **die Skrifgedeelte en jou lewe bymekaar uitkom** – een word. Dis nie net nog ’n gedeelte van die Bybel nie, maar die gedeelte waardeur God vandag met jou wil praat. Die Here wil vir jou iets sê oor die stryd om jou en in jou. By hierdie woorde wat jy lees, kom jou lewe en God se Woord bymekaar uit. Aanvaar dat die Bybel en wat jy lees handel oor wat ook al in jou hart omgaan en pas dit op jouself toe.

Derdens, let op dat **as jy die Skrifgedeelte as jou eie aanvaar, God dit self op jou van toepassing sal maak**. Dink diep na oor wat jy lees. Weet dat God die inisiatief neem om hierdeur met jou te praat. Aanvaar die feit dat dit die Heilige Gees is wat jou behoefte vir jou wys en vir jou ’n oor kan gee wat hoor.

Vierdens moet jy weet dat **die betekenis voor die hand liggend is**. Moenie soek na dieper en meer ingewikkelde betekenis as wat die Skrif self sê nie. God praat in algemene terme, maar Hy wil dit spesifiek op jou toepas.

Toepassing van die Bybel-deel wat jy lees, gaan oor die unieke besonderhede van jou lewe en van jou behoeftes vandag. God wil nie in die algemeen met jou praat nie. Hy wil persoonlik met jou deel!

Mag die Woord van God, vandag God se woord vir jou wees.